



KENNISGEWING VAN KONSEP- FINANSIËLE HERSTELPLAN VIR KANNALAND-MUNISIPALITEIT BESIKKBAAR VIR OPENBARE KOMMENTAAR

'n Konsep- finansiële herstelplan wat vir Kannaland-munisipaliteit voorberei is as deel van 'n ingryping wat deur die Wes-Kaapse Regering in Kannaland-munisipaliteit onderneem word, in samewerking met die Nasionale Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, is vir openbare kommentaar beskikbaar.

'n Afskrif hiervan is tydens kantoorure vanaf 10 tot 28 Februarie 2017 by die volgende plekke beskikbaar:

- Ladismith-biblioteek (Queenstraat 21)
- Zoar-biblioteek (Proteaweg)
- Calitzdorp-biblioteek (Voortrekkerstraat)
- Vanwyksdorp-biblioteek (Kerkstraat)

'n Afskrif hiervan is op die webwerf van die Kannaland-munisipaliteit by die volgende skakel gepubliseer: www.kannaland.gov.za

Enige persoon of organisasie wat kommentaar op die konsep- finansiële herstelplan wil lewer, word versoek om die kommentaar voor of op 28 Februarie 2017 in skrif in te dien, deur –

(a) die kommentaar te pos na:

Mnr Msimelelo Sigabi
Hoofdirekteur: Plaaslike Owerheid Finansiering en “MFMA”-koördineerder
Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
Privaatsak X9165, Kaapstad, 8000

(b) die kommentaar te e-pos na:

Mnr Msimelelo Sigabi
Hoofdirekteur: Plaaslike Owerheid Finansiering en “MFMA”- koördineerder
E-pos: Msimelelo.Sigabi@westerncape.gov.za
Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
Privaatsak X9165, Kaapstad, 8000
(Voer die volgende duidelik in die onderwerpveld in: KOMMENTAAR OP KONSEP- FINANSIËLE HERSTELPLAN)

(c) die kommentaar te faks na:

Mnr Msimelelo Sigabi
Hoofdirekteur: Plaaslike Owerheid Finansiering en “MFMA”- koördineerder
Faksnommer: 021 483 4411
Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
Privaatsak X9165, Kaapstad, 8000

of

(d) Mnr Raymond Esau
Kannaland Munisipale Kantore
Kerkstraat 32
Ladismith

Die persoon of organisasie wat die kommentaar indien, moet die volgende inligting aandui:

- Naam
- Telefoon
- E-posadres en/of faksnommer
- Posadres

Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan gedurende kantoorure vanaf 10 Februarie 2017 tot 28 Februarie 2017 na die Kannaland Munisipale Kantore te Kerkstraat 32, Ladismith kom en 'n afspraak met mnr Raymond Esau maak, wat sal help om sodanige persoon se kommentaar op die Konsep- Finansiële Herstelplan aan te bring.